**2 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 2:15-25**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:18-24**

## God skep onderlinge gemeenskap tussen mense

Adam leef in gehoorsaamheid aan God sy skeppingsopdrag uit. Hy woon in die tuin van Eden, bewerk dit en pas dit op. Hy heers oor die skepping en gee name aan al die diere wat God skep. Ons kan aanvaar dat God alreeds in hierdie tyd in persoonlike gemeenskap met Adam getree het op dieselfde wyse as waarvan ons in Genesis 3:8 lees. God besef dat Adam behoefte aan gemeenskap het met iemand soos hyself, nog ’n mens. Ook Adam kom agter dat hy hierdie behoefte het. In sy omgang met God en met al God se skeppingswerk kom hy agter dat hy alleen is en dat daar nie nog een soos hy is nie.

God besluit om gemeenskap tussen mense te skep, en Hy skep vir Eva as tweede mens om in al Adam se gemeenskapsbehoeftes te voorsien. Sy word anders as Adam geskep, maar ook as sy gelyke. Nou kan daar tussen mens en mens ook gemeenskap wees soos daar tussen God en mens gemeenskap is en soos God Drie-enig in Homself gemeenskap het. Hierin sien ons die genade en liefde van God dat Hy ons in verhoudinge met mekaar plaas om mekaar op te bou, mekaar te help en mekaar te dien.

Ons is dus gemaak om in gemeenskap met mekaar te leef. Mense het mekaar nodig en God het elkeen gemaak met sy of haar unieke gawes en eienskappe om deur hierdie gemeenskap die liefde van God met mekaar te deel. Kom ons geniet die gawe van onderlinge verhoudinge wat ons met ander mense het, waarin ons die voordeel van hulle liefde en gawes kan ontvang. Dit gee die Here vir ons in die huwelik, in gesinne, vriende, geloofsgemeenskappe en alle mense. Maar kom ons wees ook gehoorsaam aan God om met ander mense onderlinge gemeenskap te tree en hulle met ons gawes en liefde te dien. Die Here Jesus het ons tog immers kom leer wat dit beteken om met liefde te dien.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*